# KLEIN TEATER

Fanie Marais



Opgedra aan

elkeen wat 'n klein daaglikse oorwinning oor omstandighede
en die self voor 'n spieël beleef, asof dit 'n eerste plek
op 'n podium is en omdraai met hoop in die hart vir die dag se
taak, al is dit net om die gordyn oop te trek om lig in te laat.

Klein teater deur Fanie Marais

Gepubliseer deur CORDIS TRUST PUBLIKASIES
Posbus 73592 Lynnwoodrif 0040
Dr. S.J. Marais
Uitvoerende Trustee Cordis Trust
cordistrust@discoverymail.co.za.
www.cordistrust.co.za

Kopiereg © 2022 Fanie Marais

Eerste uitgawe, eerste druk 2022

ISBN 978-0-6399599-5-5

Manuskripsamestelling: Fanie Marais
Elektroset en proeflees: Myra Lochner
Geset in Tekton Pro Con 14 pt
Titelfont: Starshine MF
Outeursfont: Cormorant Upright
Omslagfoto: © Nataliia Dubchak | Depositphotos (12563275)
Omslag, digitale ontwerp en uitleg: Herman Lochner
Gedruk en gebind deur Bidvest Data, Kaapstad, Suid-Afrika

# KLEIN TEATER

Fanie Marais

**CORDIS TRUST PUBLIKASIES**
Pretoria • Suid-Afrika
2022

# VOORWOORD

Klein teater

Die lewe het enger geword.

My hoërskool-droomwêreld van onbeperkte horisonne
van geleerdheid, reis, loopbaan- en gesinsvooruitsigte en
besittings, is ruim verwesenlik.

Teen die einde van 2019 het die dood van 'n eggenote van meer
as 53 jaar die gevoel van afsluiting gebring.
Die Teater van die Lewe waarin my bestaan afgespeel het,
het in omvang en intensiteit afgeneem.
Dit is verder verskraal met die Gelykmaker, Covid-19.

My daaglikse ervaringe het begin afspeel soos eenpersoon-
optredes in 'n klein teater.

Die gewaarwordinge wat ek aangeteken het
om my bestaan beter te verstaan, in 'n toekomsperspektief.

Fanie Marais
2022

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| VOORWOORD | iv |
| AFDELING EEN | 1 |
| AANROEP | 1 |
| AFSKEID | 3 |
| APPLOUS | 3 |
| BEGRIP | 3 |
| BEKLEMD | 4 |
| BESTEM | 4 |
| BOEKEMAAK | 4 |
| BREEKMOMENT | 5 |
| BREEKPUNT | 5 |
| BROKSTUKKE | 5 |
| BROOS | 6 |
| CAMINO | 6 |
| DAWERENDE APPLOUS | 7 |
| DIE DIEPER SIN | 7 |
| DIE GREIN VAN HOUT | 7 |
| DIE LAASTE DAG | 8 |
| DIEPSEER | 8 |
| DIG | 8 |
| DIGSAAM | 9 |
| DOODSTIL | 9 |
| DOOIERUS | 9 |
| DROOMSKERWE | 10 |
| EINDE | 10 |
| ELDERS | 10 |

| | |
|---|---|
| FUTIEL | 11 |
| GEHEUEFLITSE | 11 |
| GROEIPYN | 11 |
| GRYS | 11 |
| HALTES | 12 |
| HARTKLOP | 13 |
| HERSTEL | 14 |
| HOUGOED | 14 |
| HULLE | 14 |
| ILLUSIE | 15 |
| IN DIE NOU | 15 |
| INGEHOK | 15 |
| JAARGANGE | 16 |
| KIL | 16 |
| KLOU VAS | 16 |
| LAAGWATER | 17 |
| LASTE 1 | 17 |
| LASTE 2 | 17 |
| LEEG 1 | 18 |
| LEEG 2 | 18 |
| LEWE | 18 |
| LEWENSREIS | 19 |
| LIEFDE | 21 |
| LYDENSWEEK | 21 |
| MISVERSTAAN | 21 |
| MY BRAAKLAND LAND | 22 |
| MY STEM | 22 |
| NABEELD | 22 |
| NAGGEBED | 23 |
| NAGSTORIES | 23 |

| | |
|---|---|
| NOU 1 | 23 |
| NOU 2 | 24 |
| NUANSE | 24 |
| NUUT | 24 |
| OGGEND | 25 |
| OM TE WEET | 25 |
| OMGEE | 25 |
| OMKEER | 26 |
| ONBEGRENS | 26 |
| ONBEGRIP | 26 |
| ONBEKEND | 27 |
| ONBRUIK | 27 |
| ONMAG | 27 |
| ONTHOU 1 | 28 |
| ONTHOU 2 | 28 |
| ONTWAAK | 28 |
| ONVOORSPELBAARHEID | 29 |
| PENDULUM | 29 |
| PLEITKREET | 29 |
| POINSETTIA | 30 |
| POLSEND | 30 |
| PUBLIKASIES | 30 |
| PYN | 31 |
| RAFYN | 31 |
| SEKER | 31 |
| SEKERHEID | 32 |
| SINIES | 32 |
| SKYNSIG | 32 |
| SLOPING | 33 |
| SNAK | 33 |

| | |
|---|---|
| SPOORLOOS | 33 |
| STAAR | 34 |
| STATUUR | 34 |
| STILSTAND | 34 |
| STOF | 35 |
| STORIEREIS | 35 |
| TERUGREIS | 35 |
| TRIOMF | 36 |
| TWYFEL | 36 |
| VASGEVANG | 36 |
| VEILIG | 37 |
| VERBORGE | 37 |
| VERGANKLIK | 37 |
| VERGISSING | 38 |
| VERTE | 38 |
| VERTOEF | 38 |
| VERTROUE | 39 |
| VERWESE I | 39 |
| VORENTOE | 39 |
| VRYSPRAAK | 40 |
| VRYWIL | 40 |
| WAAROM? | 41 |
| WAG 1 | 41 |
| WAG 2 | 41 |
| WARWOORDE | 42 |
| WAS | 42 |
| WENS | 42 |
| WERKLIKHEID | 43 |
| WOORDKUNS | 44 |

AFDELING TWEE 45
CORDIS 45
AFBEELD 47
DAAR IS 'N BLOM IN ELKE VROU 47
DAGTAKE 48
DIE ONWAARSKYNLIKE KANDIDAAT 49
DORSLAND 50
DROOMSIG 1 50
DROOMSIG 2 50
EENGESPREK 51
EMOSIES 51
GEEN BENUL 51
GESLUIT 52
FELHEID 52
FRAGMENTE 52
GLO 53
GRENSBEWONER 53
HUNKER 53
JAAREINDE 54
KARTETSE 54
KOPSKUIF 54
KRINGLOOP 55
KRUIS OF MUNT 56
KUBERTEATER 56
LASTE 57
LEED 57
MATGLAS 57
MY SOMER 58
NAGTELIK 58
NAGWAAK 58
NEWELS 59

| | |
|---|---|
| 'N NUWE BEGIN | 59 |
| ONBEGRIP | 59 |
| ONSEKER | 60 |
| ONTHOU | 60 |
| ONVERDIEND | 60 |
| PAD VURK | 61 |
| SIERAAD | 61 |
| SKIMME | 61 |
| SKOKGOLWE | 62 |
| SKYNSLAAP | 62 |
| SPASIE | 62 |
| STORIES | 63 |
| STREEL | 63 |
| TOEKOMS | 63 |
| TOORWOORD | 64 |
| TOT SIENS | 64 |
| TULA-TULA | 65 |
| TUUR | 65 |
| TUSSENSPEL | 65 |
| TYDELIKHEID | 66 |
| UITERLIK | 66 |
| UITSLUIT | 66 |
| VAKUUM | 67 |
| VANDAG | 67 |
| VERBY | 67 |
| VERGEEFS | 68 |
| VERSTAAN | 68 |
| VERSTAR | 68 |
| VERWESE II | 69 |
| VLIETEND | 69 |
| WEES STIL | 70 |

# AFDELING EEN

## AANROEP

Omgee-gedagtes
oorspan my donker nagte;
jou naam op my tong.

## AFSKEID

Die reuk van afskeid
is erg vir die verloorder;
laat geen wenners nie.

## APPLOUS

Die gordyn skuif toe
mense staan op, klap hande;
die skouspel verby.

## BEGRIP

My kussing omarm
stilnag saamwees met begrip
uiter geen woord nie.

## BEKLEMD

Jou binnespasie
beklem denke en drome,
mis geleenthede.

## BESTEM

Die mens wik en weeg
God beslis altyd wat is
weegskaal is geyk.

## BOEKEMAAK

Daar is geen einde
aan die maak van boeke nie –
siel van jou diep wees.

## BREEKMOMENT

Soms wéét jy seker
wag op daardie breekmoment
vir glashelderheid.

## BREEKPUNT

Die mense voel breek
van beur teen hul daagliks lot
wegraak in die niks.

## BROKSTUKKE

Brok vir brok bou ek
met een-een legkaartstukke
'n skyn-taalverhoog.

## BROOS

Here, sien U nie
die broosheid van u skepsel
hier reg voor my nie?

## CAMINO

Elkeen stap 'n pad
eindpunt sonder koördinaat
elke dag geleen.

Elkeen stap sy pad
vir verdra, liefhê, vreugde
soek na sin alléén.

## DAWERENDE APPLOUS

Applous in woordkuns
is dikwels gedemp soos vir
gehoorgestremdes.

## DIE DIEPER SIN

Soms hoor ek jou lag
oor vlietende nou-gebeure
ondertoon gedemp.

## DIE GREIN VAN HOUT

Die grein van die hout
waarvan 'n kruis gemaak is
help nie die draer.

## DIE LAASTE DAG

Die laaste dag van
Augustus wink die lente
roep nuwe seisoen.
Mag dit vir jou kleurvol wees
en daagliks met son oordek.

## DIEPSEER

Ons berg klein klippies
in daaglikse stapskoene
wat seer blase word.

## DIG

Daar breek 'n tyd aan
dat 'n punt agter sinne
jou boeke afsluit.

## DIGSAAM

In soeke na sin
val ons dikwels oor woorde,
loop die bloed nou ink.

## DOODSTIL

My ruimtestasie
het aardse seine verloor:
ons wentel lugleeg.

## DOOIERUS

Gestut teen kopstuk
mymerend oor hierdie dag
soek ek sin in nag.

## DROOMSKERWE

My enge heelal
word daagliks droombeeldskerwe
wat benede val.

## EINDE

Die speelvak eindig
vir iedere opvoering
met laaste applous.

## ELDERS

Ek stap deur die huis
soek sin in sinneloosheid
tree na buitelig.

## FUTIEL

Waarom bekommer
oor die briekblok van 'n fiets
wat jy nie het nie?

## GEHEUEFLITSE

Meubelstukke word
brokkies onthou uit gisters
in die aftreeoord.

## GROEIPYN

Jou seer is joune,
geen rede vir wegsteek nie:
daar is groei in pyn.

## GRYS

Bring vir my jou son
na die donker hartkamers
waar geen lig meer skyn.

## HALTES

Een.
Vir elke lewe
is daar 'n eindbestemming,
dikwels onbepland.

Twee.
Soms op pad iewers
wag jy by 'n bushalte,
laai iemand jou op.

Drie.
By die aflaaipunt
besef jy dit is foutief,
ontdek jouself nuut.

Vier.
Het jy dalk vandag
by iemand verbygery,
van sý kans ontneem?

## HARTKLOP

Die lewe
tel jou hartslae
ritmies
af

Name pols
op
na jou brein
selfs gister
is
lank gelede

Môre
wink
nuwe hoogtes.

## HERSTEL

Liefde en deernis
is stewige boublokke
vir seer om te heel.

## HOUGOED

Onthou skep vasklou,
waardevol maar sonder nut.
Deel van asemhaal?

## HULLE

Wat is in 'n naam?
Mense word dikwels vergeet ...
leef en sterf naamloos.

## ILLUSIE

Ruiter in die nag
staar stip na die hemelruim ...
kyk vas teen plafon.

## IN DIE NOU

Oormekaar wysters
huiwer tussen dag en nag
van verby en hoop.

## INGEHOK

Dit is nie die slot
aan jou hek wat jou inperk,
maar te min insig.

## JAARGANGE

Rakleeftyd verstryk,
wyn word suur en mense kwyn ...
beland op ashoop.

## KIL

Die wind sny deur my
in die hoekies van my siel –
daar waar jy ontbreek.

## KLOU VAS

Jou lewe klingel
geheg aan rondomtalie
middelpuntvlietend.

## LAAGWATER

Die nag is vir droom
die dag vir skerwe optel
my naam klink soms op.

## LASTE 1

Het gister geweet
dat vandag te veel môre
saamdra na oormôre.

## LASTE 2

Die lewenslaste
verkrom liggaam en denke;
verskraal die insig.

## LEEG 1

God het weggekyk
die helder geel van my son
nou in alles leeg.

## LEEG 2

'n Pen sonder ink
smoor die opwel van vreugde –
huis sonder moeder.

## LEWE

Ek sou wat wou gee
weer eerste lewensskreeue
van kinders te hoor.

## LEWENSREIS

*Een*

Voorgeboortelik
uniek gevingerafdruk
gevorm vir wasdom.

*Twee*

Suigeling sorgsaam
aangeraak deur moedersmelk
elke lewensteug.

*Drie*

Moeder en kind
herknoop die naelstringband
vir tyd en ewig.

*Vier*

Gereed vir die skool
leer om te tel, lees en skryf;
nuwe bande smee.

*Vyf*

Elkeen se bloedjie
strewe na topprestasie:
Pa of Ma se kind

*Ses*

Die tyd snel verby
visies ontrafel, beproef
gawes, geluk, guns.

*Sewe*

Soek lewensvreugde
ontdek self vir lewenssin
jou merk gegraveer.

*Ag*

Kyk terug en peins
meet planne teen bereiking
die skaal wik: *God/ek.*

## LIEFDE

Die liefde is nie
'n versinsel van woorde
onder rymdwang nie.

## LYDENSWEEK

Elkeen ontwaak soms
aan die begin van 'n week
met 'n bloedsweetdag.

## MISVERSTAAN

Wat maak dit tog saak
as jy verkeerd gehoor word
met 'n suiwer hart.

## MY BRAAKLAND LAND

Spasie oopgelaat
vir dit wat ek heeldag voel
en nie waag sê nie.

## MY STEM

Here, ek plaas my
verlede, hede, toekoms
finaal in U hand.

## NABEELD

Die kyk is 'n flits
soos deur die brein voortgebring
soms nag-nabeelde.

## NAGGEBED

Dit is stil vannag
verdof net my koprumoer
oor gisters en nou.

## NAGSTORIES

My nagte vertel
allerlei slaaptydstories
wat die slaap laat wyk.

## NOU 1

Lewe in die nou
al brandpyn die verlede
dit is finaal weg.

## NOU 2

Gister is verby,
vandag slegs aan my geleen –
môre onseker.

## NUANSE

Dié of mý roosknop
verander nie die blom nie –
wel die hart se geur.

## NUUT

Vertroue skep groei
wysig twyfel na seker
trek ou angels uit.

## OGGEND

Die skuifdeur gly oop
vars oggendbries verfris jou
oomblik van vergeet.

## OM TE WEET

Eendag sal ek wéét
waarom ek waaroms beleef
sonder antwoorde.

## OMGEE

Haar trane doem op
in my skynslaap stiknagte
loop oor my wange.

## OMKEER

Vervang verlede
met dit wat VERHEWE is
sprankel in die hoop.

## ONBEGRENS

Het jy opgestaan
in 'n oorvolle leegte
wat kant en wal lê?

## ONBEGRIP

In jou wandelgang
word jy soms lewend verskroei
sielsdiep nie verstaan.

## ONBEKEND

Daagliks se padlangs
verg soms alleenreis êrens
eindpunt onbekend.

## ONBRUIK

Hooflyn na syspoor
rangeer die lewe mense
swartsak teen die straat.

## ONMAG

Wesens verwese
teen onsigbare aanslag
bekruipervirus.

## ONTHOU 1

My beste skrywes
is nooit opgeteken nie
slegs onthouspore.

## ONTHOU 2

Iewers in 'n kluis
skuil 'n man se skroeiverhaal
in 'n kissie as.

## ONTWAAK

Ek het opgestaan
die nuwe dag te sien breek
en dit was stukkend ...

## ONVOORSPELBAARHEID

Kragonderbrekings
is covidsimptomaties
van verlies aan lig.

## PENDULUM

Wou graag doktor wees
raam en teen die muur vertoon
kyk nou hol terug.

## PLEITKREET

O, God Almagtig,
hoor my pleitkreet vir elkeen
in hul diepste nood.

## POINSETTIA

Die oggenddou blink
kristalle op kroonblare
kransie beloftes.

## POLSEND

Het jou naam geskryf
drukskrif oor my hartkamers
my bloed pols daaroor.

## PUBLIKASIES

Gebinde boeke
eens outeurs-oppervreugde
vul nou rakspasie.

## PYN

Soms verblind jou pyn
dit waarmee ander worstel
as minder knellend.

## RAFYN

Die diepste klowe
word soms uit nyd gegrawe
word onoorbrugbaar.

## SEKER

Sommige dinge
weet mens nie verseker nie
klou vas aan dié wéét.

## SEKERHEID

Die regte besluit
stel voordeel ondergeskik
aan dit ingegee.

## SINIES

'n Dankbare volk
vir die bietjie krag daagliks
en demokrasie.

## SKYNSIG

Vergange gange
waar kinderdrome bly leef
verlig soms die nag.

## SLOPING

Breek murasies af
wat seeroog tydsaam verweer –
veral binne jou.

## SNAK

Gun my asseblief
spasie agter die masker
daagliks asemnood.

## SPOORLOOS

So met die tyd saam
verloor jy jou en ander
se spore op weg.

## STAAR

Die lewe breek deur
elkeen uniek gefokus
eendag staar jy net.

## STATUUR

Die piepklein mossie
verbeeld grootsheid van liefde
van God vir lewe.

## STILSTAND

Spoor in sand getrap
is dalk die finale een
soos jou prestasies.

## STOF

Hulle noem dit grond,
'n vreemde samestelling
waarvan ons deel word.

## STORIEREIS

Met my geboorte
het 'n storiereis begin,
daagliks onvoltooid.

## TERUGREIS

Ek reis tans terug
op die verlede se spoor
wat uitgewis is.

## TRIOMF

Die wen-oomblik bly
die blink trofee hoog gelig
verloor eens die blink.

## TWYFEL

Ek storm 'n bende
met my God as my pantser.
Dan verklein vrees hom.

## VASGEVANG

Sommige mense
is te verwond vir herstel:
beleef slegs bestaan.

## VEILIG

Met rasse skrede
pak ek veel projekte aan,
polities korrek.

## VERBORGE

Sommige dinge
is versluier vir denke
verseël vir insig.

## VERGANKLIK

Jasmyngeur verdwyn
trompetgeskal van blomme
sterf weg in die grond.

## VERGISSING

Sien kom van die brein
lui die lokadvertensie –
vir politici?

## VERTE

Met blik op branders
sit-lê ek teen die skuins wal;
my getye draai.

## VERTOEF

Tent opslaan vir hier
met tou en pen geanker –
aards en tydelik.

## VERTROUE

My alle menswees
rus op om vertrou te word
met jou hele hart.

## VERWESE I

Alles gaan verby.
Die blom verwelk in die son,
word deel van die grond.

## VORENTOE

Dit wat agter is
hou my knellend vasgevang,
striem die vorentoe.

## VRYSPRAAK

Vergewe jouself
ander se oortredinge
ervaar sy vryspraak.

## VRYWIL

Ek glo in die hoop
op 'n beter eindbestel.
Lééf nou in vreugde.

## WAAROM?

Waarom, Skepper God,
is so baie skepsels niks
op die lewensskaal?

## WAG 1

Kies die kort en lank
van jou dae en nagte
met weinig wenners.

## WAG 2

Die dag verbreek nag
’n flou skynsel op die kim
die hoop beskaam nie.

## WARWOORDE

Wou nog vir jou sê
alleenheid is bittersoet
met 'n skeut frankheid.

## WAS

Wees loop alleen leeg,
struikel en val roerloos vas
teen moederaarde.

## WENS

My wens is dat jy
soms sal luister wat ek sê
my omgee inneem.

## WERKLIKHEID

Volheid
in mensehart
bring verseker die wéét
dat die oase wel water het:
oorvol.

WOORDKUNS

Die strewe na roem
grashalms wagtend op die hoop
beskaam so dikwels.

# AFDELING TWEE

## CORDIS

Die hart as nis
van jou diepste emosies
ignoreer rede
ontleed die feite
maak verkeerde aannames
besluit ingegee
in jou onbegrip
doem die nood van ander op
breek God se sin
deur.

## AFBEELD

Gun my die kiekies
wat ek in my hart bêre
jou daagliks verbeeld.

## DAAR IS 'N BLOM IN ELKE VROU

Een dag in Maartmaand
was jy eensklaps sommer daar
in volle blomprag.

## DAGTAKE

Daagliks
het ek vrae
kom ek in die tyd aan
voorafbepaal, voorafbetaal –

volbring.

Daagliks
dagboek ek steeds
moet doen dinge/vrese
asof ek die toekoms bepaal –

futiel.

## DIE ONWAARSKYNLIKE KANDIDAAT

Dit was ek, Here,
wat self geen vis kon vang nie
mandjies vol moes dra.
Dit was ek, Here,
wat beangs was vir die golwe
verstom oor kalmte.
Dit was ek, Here,
wat skreeu ek ken die man nie
later Here God.
Dit was ek, Here,
wat U gekies het as rots
waarop U sou bou.

## DORSLAND

Skielik
is my tenk leeg
die inhoud uitgepomp
die bron van aanvul ontbreek nou
dorsland.

## DROOMSIG 1

Drome soek my op,
gee sig aan wat mag gebeur –
stel dan soms teleur.
Dit bly 'n lig op die pad,
die hoop wat nooit beskaam nie.

## DROOMSIG 2

Drome
verskil, verskiet
die hoop bly dieselfde
om te kry wat jou hart uitroep
voltooid.

## EENGESPREK

Ek kan op my mou
my heel diepste wese dra
onhoorbaar vir jou.

## EMOSIES

Vragte emosies
kan in 'n klein spasie pas
iewers in die brein
hulself ontydig oproep
wanneer nag en dag huiwer.

## GEEN BENUL

Om 'n boek te maak
oor iemand se lewenslot
bring jou tot besef
dat jy geen benul het van
"daar was 'n ander soort sterf".

## GESLUIT

Eens was hier lewe
skerts en uitbundig saamlag
môre in verskiet
drome en planne tesaam
nou gemuilband en beperk.

## FELHEID

Aanslag na aanslag
negatiewe energie
verspil geleentheid.

## FRAGMENTE

Geheuespatsels
kleur my stories daagliks in
teenwig teen vervaag.

## GLO

Kyk op
van die aarde
na die oop hemelruim
waar jy tot in oneindig sien
ewig.

## GRENSBEWONER

Ons is
almal maar net
alhier grensbewoners
wagtend om grense te verskuif
finaal.

## HUNKER

Hunker
na sy vrede
op my pad en in hart
en vir almal wat beangs bid
help God.

## JAAREINDE

Die eindjaar moegte
sak af in die lendene
bloed vervorm in lood.

## KARTETSE

Die oorlogsones
binne my hoof stadsentrum
vra vir hartsvrede.

## KOPSKUIF

Groei, verwelk of sterf
wanneer die kaarte vir jou
verkeerd gedeel word
die nommer op die steentjie
sewe maal op die een val.

## KRINGLOOP

Van my eerste skreeu
kringloop ek hierbinne my
soekend na vrywees

leer ek loop en praat
verken lewensmomente
soekend na eie sin

kyk finaal terug
op breekpunte van insig
met vermoeide reis

besef hoe vlietend
alles wat werklik sin maak
tog maar eintlik was.

## KRUIS OF MUNT

Haar verweerde self
is op 'n afstand sigbaar
by die verkeerslig.

Sy kyk nie op nie
dra ook nie 'n plakkaat nie
hoop op 'n aalmoes.

Dit is Kruis of munt
sal die Kruis finaal oorwin
sy 'n munt toevou?

## KUBERTEATER

Geslote teaters
begrens jou seer skaterlag
tot tuiskonserte
waar jy virtueel beeldskoon
lyk soos die fee in my nag.

## LASTE

My onthou se las
weeg soms swaar op die nekskof
verkrom die skouers
dan glinster vreugdeflitse
en rig my fier op.

## LEED

Die ink in die pen
vloei as pyn uit op papier
bedruipte onreg.

## MATGLAS

Drome is beperk
gister se suksesse kwyn
môre is troebel.

## MY SOMER

Jy was my somer
die helder lig met dagbreek
omgord met kleure.

## NAGTELIK

'n Droom word soms angs
dalk 'n koue werklikheid
ontwaak met blydskap.

## NAGWAAK

So skilder elkeen
'n meesterstuk in droomland
asof werklikheid.

## NEWELS

Aandskemer of straks
in die grysgrou oggendmis
verlang ek na jou.

## 'N NUWE BEGIN

Jy en ek gespaar
om die dagbreek te ervaar
genadegawe.
Ons het elkeen 'n  wenslys –
mag Hy dit vir ons afmerk.

## ONBEGRIP

Die steilste heuwel
is dié wat ander moet klim
en ons skynverstaan.

## ONSEKER

Die pendulum swaai
ritmies seker/onseker
huiwer in die tyd.

## ONTHOU

Iewers klop dit nie
wat jy ont kan nie hou nie
wat jy hou ont nie.

## ONVERDIEND

God laat sy seën rus
sonder uitsoek onverdiend
gooi nie 'n steentjie
om wenners te bepaal nie
gunste onbeskryflik groot.

## PAD VURK

My vriend van jare
se stilswyende vertrek
sewe gisteraand
laat my alleen by die vurk
van 'n onbekende pad.

## SIERAAD

Verf jou gisters bont
ryg hulle in as krale
sieraad om jou nek.

## SKIMME

Onthou van gister
teken ek nougeset aan
môre onbekend
vervaag name van foto's,
maar binne my oorbekend.

## SKOKGOLWE

Trillings in die see
op soek na aardse voorspoed
ontneem seelewe.

## SKYNSLAAP

Die nag
diep beelde op
van sê nou maar dit kan
vol somer in jou winter wees
vandag.

## SPASIE

Spasie
het jy nodig,
maar dit word soms leegte
waarin alles soos winter word
doodryp.

## STORIES

Ek word gedring tot
stories uit die hartkamers
in gemengde tint.

## STREEL

Handpalm teen jou wang
skryf onverwoord uit die hart
deernis in drukskrif.

## TOEKOMS

Wolke trek verby
vertoef by my oop venster
vra waarheen gaan ons.

## TOORWOORD

My hart
is 'n holplek
waardeur bloed ritmies pomp
en vreemde emosies opgaar
oor jou.

## TOT SIENS

Roep jy,
of is dit wind
wat deur 'n gleuf insny
in toonhoogtes van verdriet praat
tot siens.

## TULA-TULA

Sy het die kombers
hoog teen jou nek opgetrek
nou doen jy dit self.

## TUUR

My skerm
en ek op wag
vir meer verstaanbare
nuus vir begrip en oorvertel
tot dan.

## TUSSENSPEL

Een dag
voel soms te lank
totdat die nag aanbreek
dan bid jy dat die dag gou breek
verlig.

## TYDELIKHEID

Talle bekronings
aan muur van herinnering
vergete doodstil.

## UITERLIK

Jou lag,
'n klokkespel
verberg die hartseer pyn
wat die gemis van wat kon wees
verstom.

## UITSLUIT

Jou seer
weerhou geluk
buffer die hand wat reik
om van liefde te verseker
altyd.

## VAKUUM

Soms strek jy jou hand
om die steekpyn te verlig
of vergeefs geklem
aan skynbare naby mens
of onsigbaar God.

## VANDAG

Vandag
was dit net ek
en my asemhaling,
my God op wie ek steeds vertrou,
wagtend.

## VERBY

Nog 'n jaar verloor
sy laaste dag met jubel
nog 'n kans verby
om voornemens uit te voer
en iemand te vergewe.

## VERGEEFS

Hy het dan gesterf –
die hamers bly spykers kap
in die aardse kruis.

## VERSTAAN

Skilder met woorde
bring sigbare portrette
wat verstaan verbeeld.

## VERSTAR

Een keer verstar jy
gestroop van alle woorde
staar na jou selfoon.

## VERWESE II

Verwese staar sy
na die lang rye motors –
mense wat wegkyk.

## VLIETEND

Jy en ek, ons twee
het eenmaal iewers ontmoet
ek het jou onthou.

## WEES STIL

Ek roep jou by naam
nooi jou om uit kruik te drink
waaruit woorde opwel,

dan weeg jy my of voordeel
tot die pendulum stilstaan.

**CORDIS TRUST PUBLIKASIES**
Posbus 73592
Lynnwoodrif 0040
www.cordistrust.co.za